- *grondige kennis en begrip aangaande die ontwikkelingsfases en -domeine vanaf die babastadium tot vroeë volwassenheid;*
- *grondige kennis en begrip aangaande prenatale omgewingsinvloede en geboortekomplikasies op die ontwikkeling van die kind;*
- *grondige kennis en begrip aangaande die groepdinamika sowel as moontlike hindernisse tot leer wat intellektuele, fisieke, psigologiese, kognitiewe en morele ontwikkeling vanaf die babastadium tot vroeë volwassenheid kan beïnvloed;*
- *bewustheid en grondige begrip aangaande kwesbaarheid en relevante risikofaktore wat met negatiewe invloede op die ontwikkeling en welstand van die kind verband hou;*
- *grondige kennis en begrip aangaande, asook analitiese vaardighede, ten einde leerders te kan identifiseer wat neurologiese, fisieke, sensoriese, intellektuele en fisieke gesondheidsprobleme ervaar; en*
- *kennis en begrip aangaande, sowel as besinning oor professioneel-etiese optrede teenoor alle leerders en hulle diverse behoeftes.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50 %

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **EDCC325**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: Critical Thinking & Social Justice

Titel: Kritiese Denke en Sosiale Geregtigheid

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- an integrated knowledge and understanding of, as well as an ability to correctly evaluate diverse theoretical perspectives on social justice and citizenship and to apply concepts of social justice and citizenship in a historical context;
- an understanding of the contested knowledge within the field of Social Justice and critique the knowledge gained in the context of the learner's PGCE /ADT training setting;
- an ability to identify, analyse and plan a response to statement-oriented written questions that require argument and evidence based responses;
- a reflection on all values, ethical conduct and justifiable decision making by critical engagement with the debates on gender, 'race'/ethnicity and citizenship, including critically assessing the concept of social exclusion and its implications for education in South Africa;
- an accurate and coherent written and verbal communication of case studies of societal relevance that are of contextual value regarding social justice; and
- an assumption of full responsibility for his/her own learning needs by independently evaluating an argument's cohesion and to propose counter arguments and/or contrasting approaches, as well as analyse and plan a response to statement-oriented written questions that require argument and evidence based responses.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *geïntegreerde kennis en begrip aangaande, sowel as die vermoë om diverse teoretiese perspektiewe aangaande sosiale geregtigheid en burgerskap korrek te kan evalueer, asook om sosiale geregtigheidskonsepte en burgerskap binne ŉ geskiedkundige konteks te kan toepas;*
- *begrip aangaande aanvegbare kennis binne die veld van Sosiale Geregtigheid, asook om verworwe kennis binne die konteks van die leerder se NGOS/ADE opleidingsomgewing te kan resenseer;*
- *die vermoë om ŉ respons op stelling-georiënteerde, skriftelike vrae wat beredenering en bewys-gebaseerde response vereis, te kan identifiseer, analiseer en beplan;*
- *besinning oor alle waardes, etiese optrede en geregverdigde besluitneming deur kritiese betrokkenheid by gespreksvoering oor geslag, 'ras'/etnisiteit en burgerskap, met inbegrip van kritiese assessering van die konsep van sosiale uitsluiting en die implikasies daarvan vir Onderwys in Suid-Afrika;*
- *akkurate en samehangende, skriftelike en mondelinge kommunikasie van gevallestudies van gemeenskaplike relevansie en kontekstuele waarde aangaande sosiale geregtigheid; en*
- *die aanvaarding van volle verantwoordelikheid vir sy/haar eie leerbehoeftes deur onafhanklik ŉ redenasie se samehang te kan evalueer en om teenargumente en/of kontrasterende benaderings te kan voorstel, sowel as om ŉ respons op stelling-georiënteerde, skriftelike vrae wat beredenering en bewys-gebaseerde response vereis, te kan analiseer en beplan.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x2 hour home examination/written examination 50 %

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x2 uur tuiseksamen/skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **EDCC413**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: Educational Management and Leadership

Titel: Onderwysbestuur en Leierskap

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- integrated understanding of the school as organisation and integrated knowledge and informed understanding of the concepts of educational management and educational leadership;
- integrated knowledge and understanding of, as well as the ability to evaluate managerial occurrences by making use of the different management models;
- understanding, interpretation and critical evaluation of contested educational management and leadership issues in a changing national and international context;
- integrated knowledge and understanding of the different managerial tasks and classroom management approaches, and the ability to reflect on their engagement with this in practice;
- understanding of and an ability critically to reflect on concepts and themes related to the management and leadership roles of the teacher within the school and classroom context;
- ability to analyse and reflect on the importance of functioning in a society by developing and maintaining caring, supporting, engaging and empowering environments for social justice;
- ability to reflect upon, to critically evaluate, and to communicate own ideas on the values and ethical conduct of educational leadership;
- ability to apply sound management and leadership principles to school activities outside the classroom; and
- integrated knowledge and understanding of quality education, quality assurance and accountability; and critically evaluate the various management systems on quality assurance and accountability.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *geïntegreerde begrip aangaande die skool as organisasie en geïntegreerde kennis en grondige begrip aangaande onderwysbestuurskonsepte en -leierskap;*
- *geïntegreerde kennis en begrip aangaande, sowel as die vermoë om bestuursgebeure deur middel van verskillende bestuursmodelle te kan evalueer;*
- *begrip, interpretasie en kritiese evaluering aangaande aanvegbare onderwysbestuurs- en leierskapskwessies binne 'n veranderende nasionale en internasionale konteks;*
- *geïntegreerde kennis en begrip aangaande die verskillende bestuurstake en klaskamerbestuursbenaderings, asook die vermoë om oor sy/haar interaksie binne die praktyk te kan besin;*
- *begrip aangaande en die vermoë om krities te kan besin oor konsepte en temas wat met die bestuur en leierskapsrolle van die onderwyser binne die skool- en klaskamerkonteks verband hou;*
- *die vermoë om te kan besin oor die belangrikheid van funksionering binne 'n gemeenskap deur die ontwikkeling en handhawing van besorgdheid, asook ondersteunende, interaktiewe en bemagtigende kontekste vir sosiale geregtigheid te kan analiseer;*
- *die vermoë om eie idees oor waardes en etiese optrede van onderwysleierskap te kan kommunikeer, daaroor te kan besin en dit te kan evalueer;*
- *die vermoë om kerngesonde bestuurs- en leierskapsbeginsels op skoolaktiwiteite buite die klaskamer te kan toepas; en*
- *geïntegreerde kennis en begrip aangaande gehalte-onderwys, gehalteversekering en verantwoordbaarheid, asook om die verskeie bestuurstelsels oor gehalteversekering en verantwoordbaarheid krities te kan evalueer.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x2 hour written examination 50 %

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x2 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **EDCC423**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: Education Systems

Titel: Onderwysstelsels

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- ability to contribute to quality education provisioning in a diverse community;
- a deep knowledge and understanding of the nature and aims of the South African education system;
- ability to function within this system to the advantage of the South African community and to contribute to the solution of challenges and the promotion of social responsibility;
- ability to assess external influences on the education system and the classroom in order to develop critical, creative and reflexive problem-solving skills within an educational and societal context; and
- ability to draw a comparison between the South African education system and an external education system (capita selecta from developed or developing education systems) with the emphasis on the social responsiveness of that system.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *vermoë om 'n bydrae tot kwaliteit onderwys binne 'n diverse gemeenskap te kan lewer;*
- *deeglike kennis aangaande die aard en doelstellings van die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel te kan beskik;*
- *vermoë om tot voordeel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap doeltreffend binne die onderwysstelsel te kan funksioneer, asook om 'n bydrae tot die oplossings van uitdagings binne die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel en die vestiging van sosiaalverantwoordelike landsburgers te kan lewer;*
- *vermoë om eksterne invloede op die onderwysstelsel en die klaskamer te kan assesseer, ten einde kritiese, skeppende en reflektiewe probleemoplossingsvaardighede binne die onderwys en sosiale konteks te kan ontwikkel; en*
- *vermoë om 'n vergelyking tussen die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel en 'n eksterne onderwysstelsel (ontwikkelende en ontwikkelde onderwysstelsels) te kan tref, met die klem op die sosiale verantwoordelikheid van sodanige stelsel.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x2 hour written examination 50 %

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x2 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **EDTC112**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 5

Title: Educational Media and Technology

Titel: Onderwysmedia en Tegnologie

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- knowledge of the teaching-learning strategies related to activelearning and sharing of information by means of digitaltechnologies and application software;
- the ability to evaluate, select, create and implement digitaltechnologies to manage the sharing of information and toenhance the effectiveness of the teaching and learningsituation;
- awareness of the use of a coding application to enhanceproblem solving skills;
- the ability to identify, select, create and integrate suitabledigital and non-digital media in order to enhance theeffectiveness of the teaching and learning situation withcomprehension of the place of media within lesson design; and
- the ability to evaluate the use of digital and non-digital materialfor teaching and learning purposes while exploring theenvironment as a rich.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *kennis van die onderrig-leerstrategieë wat verband hou metaktiewe leer en deel van inligting deur middel van digitaletegnologieë en toepassingsagteware*
- *die vermoë om digitale tegnologieë te evalueer, te selekteer, teskep en te implementeer om die deel van inligting te bestuur en die effektiwiteit van die onderrig- en leersituasie te verhoog;*
- *bewustheid van die gebruik van programmeringsagteware omprobleemoplossingsvaardighede te bevorder;*

- *die vermoë om geskikte nie-digitale media te identifiseer, teselekteer, te skep en te integreer om die effektiwiteit van dieonderrig- en leersituasie met inbegrip van die plek van mediabinne lesontwerp te bevorder; en*
- *die vermoë om die gebruik van digitale en nie-digitale materiaalvir onderrig- en leerdoeleindes te evalueer terwyl die omgewingas 'n ryke bron van kreatiewe media vir die opvoedkundigekonteks ondersoek word.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 100 %

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 100%

Module code / *Modulekode*: **EDTM312**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: Environmental Management for Sustainability: Introduction to Environmental Management in Schools

Titel: Omgewingsbestuur vir Volhoubaarheid: Inleiding tot Omgewingsbestuur in Skole

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- demonstrate an integrated knowledge and sound understanding of the different dimensions of the environment;
- identify, analyse and interpret environmental issues and problems and indicate the impact of humans on the environment;
- describe the historical development of Environmental Education;
- demonstrate a thorough knowledge and sound understanding of sustainable development;
- integrate Environmental Education into the presentation of the Curriculum Assessment and Policy statement; and
- demonstrate the ability to apply the knowledge acquired with an ethically responsible attitude towards the environment.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *geïntegreerde kennis en grondige begrip aangaande die verskillende omgewingsdimensies te kan demonstreer;*
- *omgewingskwessies en -probleme te kan identifiseer, analiseer en interpreteer en menslike impak op die omgewing te kan aandui;*
- *die geskiedkundige ontwikkeling van Omgewingsonderwys te kan beskryf;*
- *deeglike kennis en grondige begrip van volhoubare ontwikkeling te kan demonstreer;*
- *Omgewingsonderwys by die aanbieding van die Kurrikulumassesserings- en Beleidsverklaring te kan integreer; en*
- *die vermoë te kan demonstreer om verworwe kennis met 'n eties-verantwoordelike houding teenoor die omgewing te kan toepas.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x2 hour written examination 50 %

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x2 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **EGDE113**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 5

Title: Engineering Graphics and Design: Sketching and Instrument Drawing – Theory and Skills

Titel: Ingenieursgrafika en Ontwerp: Sketse en Instrumenttekening – Teorie en Vaardighede

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- knowledge and informed understanding of Engineering Graphics and Design terminology, techniques and codes of practice and ethics and the ability to skilfully apply the codes of practice, methods, and techniques of subject and teaching theory;
- the ability to analyse, select, and evaluate techniques of freehand sketching and instrument drawing in order to solve a contextual problem with the aid of applicable drawing equipment;
- the ability to select and implement standard geometric construction methods and techniques of projection in order to solve geometric construction or projection problems in a defined environment;
- the ability to communicate two-dimensional drawings graphically with a computer aided drawing program;
- the ability to analyse, select and evaluate information and apply the Technological Design Process; and
- an appreciation for the interrelation between Engineering Graphics and Design and other Engineering orientated subjects.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *kennis en grondige begrip aangaande Ingenieursgrafika- en Ontwerptegnologie terminologie, tegnieke en praktykkodes en -etiek, en die vermoë om die praktykkodes, metodes, asook vaktegnieke en onderrigteorie met vaardigheid te kan toepas;*
- *die vermoë om vryhandsketse en instrumenttekeninge te kan analiseer, selekteer en evalueer, ten einde 'n kontekstuele probleem met behulp van toepaslike tekentoerusting te kan oplos;*
- *die vermoë om standaard meetkundige konstruksiemetodes en projeksietegnieke te kan selekteer en implementeer, ten einde geometriese konstruksie- of projeksieprobleme binne 'n bepaalde konteks te kan oplos;*
- *die vermoë om twee-dimensionele tekeninge grafies met behulp van 'n rekenaargesteunde program te kan kommunikeer;*
- *die vermoë om inligting te kan analiseer, selekteer en evalueer en om die Tegnologie-ontwerpproses te kan toepas; en*
- *'n waardering vir die interverwantskap tussen Ingenieursgrafika en Ontwerp en ander Ingenieursverwante vakke.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **EGDE123**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Engineering Graphics and Design: Projection Methods for Two Dimensional and Three Dimensional Views and Construction of Loci

Titel: Ingenieursgrafika en Ontwerp: Projeksiemetodes vir Twee-Dimensionele en Drie-Dimensionele Aansig en Konstruksie van Lokusse

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- detailed knowledge and understanding of subject terminology, codes of practice, oblique projection, isometric projection, isometric drawing and constructing loci and the ability to skilfully apply the codes of practice, methods, and techniques of subject and teaching theory;
- the ability to analyse, to select, and evaluate the projection of solid bodies and sectional views in order to solve a contextual problem with the aid of applicable drawing equipment;
- the ability to distinguish, evaluate and solve routine or new loci problems and to apply solutions based on relevant evidence and procedures appropriate to the subject field discipline or practice;
- the ability to communicate advanced two-dimensional drawings graphically with a computer aided drawing program; and
- an appreciation for the interrelation between Engineering Graphics and Design and other engineering orientated subjects.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis en begrip aangaande vakterminologie, praktykkodes, hellingskonstruksie, isometriese projeksie, isometriese tekening en konstruksielokusse, en die vermoë om die praktykkodes, metodes, asook vaktegnieke en onderrigteorie met vaardigheid te kan toepas;*
- *die vermoë om die projeksie van vaste voorwerpe en deursnee-uitsigte te kan analiseer, selekteer en evalueer, ten einde 'n kontekstuele probleem met behulp van toepaslike tekentoerusting te kan oplos;*
- *die vermoë om alledaagse en nuwe lokusprobleme te kan onderskei, evalueer en oplos, asook om oplossings op grond van toepaslike bewyse en prosedures, soos van toepassing op die vak/dissiplinegebied of -praktyk, te kan toepas;*
- *die vermoë om gevorderde twee-dimensionele tekeninge grafies met behulp van 'n rekenaargesteunde program te kan kommunikeer; en*
- *'n waardering vir die interverwantskap tussen Ingenieursgrafika en Ontwerp en ander Ingenieursverwante vakke.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **EGDE212**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Engineering Graphics and Design: Descriptive Geometry

Titel: Ingenieursgrafika en Ontwerp: Beskrywende Meetkunde

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- detailed knowledge of subject terminology and codes of practice;
- detailed knowledge and understanding of Descriptive Geometry;
- ability to distinguish and skilfully solve problems in unfamiliar contexts applying methods of Descriptive Geometry; and
- ability to skilfully apply methods and techniques of teaching.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis aangaande die vakterminologie en praktykkodes;*
- *grondige kennis en begrip aangaande Beskrywende Meetkunde;*
- *vermoë om probleme binne onbekende kontekste te kan onderskei en met vaardigheid te kan oplos, deur Beskrywende Meetkundemetodes te kan toepas; en*
- *vermoë om onderrigmetodes en -tegnieke met vaardigheid te kan toepas.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **EGDE222**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Engineering Graphics and Design: Civil Drawings – Floor Plans, Orthographic & Pictorial Views

Titel: Ingenieursgrafika en Ontwerp: Siviele Tekeninge – Vloerplanne, Ortografie en Figuuraansigte

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- detailed knowledge and understanding of subject terminology and codes of practice;
- select, evaluate and effectively apply with discernment those standard rules, methods and skills to solve fundamental problems in a defined environment in the field of graphic design of the floor plans of buildings using conventional drawing techniques and CAD.
- select, evaluate and effectively apply with discernment those standard methods and skills of teaching; and
- the ability to distinguish, evaluate and solve problems and to apply solutions based on relevant evidence and procedures appropriate to the subject field, discipline or practice.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis en begrip aangaande die vakterminologie en praktykkodes;*
- *standaardreëls, metodes en vaardighede met insig te kan selekteer, evalueer en doeltreffend te kan toepas, ten einde Fundamentele probleme aangaande vloerplanne van geboue, binne 'n bepaalde konteks in die veld van grafiese ontwerp, met vaardigheid te kan oplos deur konvensionele tekentegnieke en CAD te kan gebruik;*
- *met insig standaardmetodes en onderrigvaardighede te kan selekteer, evalueer en doeltreffend te kan toepas; en*
- *die vermoë om probleme te kan onderskei, evalueer en oplos, asook om oplossings op grond van toepaslike bewyse en prosedures, soos van toepassing op die vakgebied, dissipline of praktyk, te kan toepas.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%

Module code / *Modulekode*: **EGDE312**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: Engineering Graphics and Design: Civil Drawings – Electrical Wiring Diagrams, Scales and View of Foundations

Titel: Ingenieursgrafika en Ontwerp: Siviele Tekeninge – Elektriese Bedradingsdiagramme, Skale en Aansig van Fondasies

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- integrated knowledge and understanding of subject terminology and codes of practice;
- ability to correctly select, evaluate and apply a range of different but appropriate principles, rules and skills, to create Civil Drawings and detailed views;
- ability to correctly select, evaluate and apply a range of different but appropriate principles, rules and skills, to create Civil Drawings and detailed views with the aid of a CAD program; and
- ability to select, evaluate and effectively apply with discernment those standard methods and skills of teaching.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *geïntegreerde kennis en begrip aangaande die vakterminologie en praktykkodes;*
- *vermoë om verskillende toepaslike beginsels, reëls en vaardighede korrek te kan selekteer, evalueer en toepas, ten einde Siviele Tekeninge en gedetailleerde aansigte te kan skep;*
- *vermoë om 'n reeks verskillende toepaslike beginsels, reëls en vaardighede korrek te kan selekteer, evalueer en toepas, ten einde Siviele Tekeninge met behulp van 'n CAD-program te kan skep; en*
- *vermoë om met insig standaardmetodes en onderrigvaardighede te kan selekteer, evalueer en doeltreffend te kan toepas.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x4 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x4 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **EGDE322**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: Engineering Graphics and Design: Machine Drawing

Titel: Ingenieursgrafika en Ontwerp: Masjientekeninge

On completion of this module the student should be able to demonstrate:

- integrated knowledge and understanding of subject terminology and codes of practice;
- ability to access and communicate discipline-specific information;
- ability to select, evaluate and apply a range of different but appropriate rules and methods to solve Machine Drawing problems;
- ability to skilfully apply methods and techniques of teaching Machine Drawing; and
- ability to correctly select, evaluate and apply a range of different but appropriate principles, rules and skills, to create machine drawings and detailed views applying a CAD program.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *geïntegreerde kennis en begrip aangaande die vakterminologie en praktykkodes;*
- *vermoë om vak-spesifieke inligting te kan opspoor en kommunikeer;*
- *vermoë om 'n reeks verskillende toepaslike reëls en metodes te kan selekteer, evalueer en toepas, ten einde Masjientekeningprobleme te kan oplos;*
- *vermoë om onderrigmetodes en -tegnieke aangaande Masjientekeninge met vaardigheid te kan toepas; en*
- *vermoë om 'n reeks verskillende toepaslike beginsels, reëls en vaardighede te kan selekteer, evalueer en toepas, ten einde masjientekeninge en gedetailleerde aansigte met behulp van 'n CAD-program te kan skep.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x4 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x4 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **EGDE411**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: Engineering Graphics and Design: Working in 3-D (1)

Titel: Ingenieursgrafika en Ontwerp: Werk in 3-D (1)

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- sound knowledge and understanding of subject terminology and codes of practice;
- integrated knowledge of and engagement in computer aided drawing operation and critical understanding and application of methods and techniques implemented to solve CAD problems; and
- accurate, coherent, appropriate and creative presentation and teaching of methods and techniques used to solve complex CAD problems.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis en begrip aangaande die vakterminologie en praktykkodes;*
- *geïntegreerde kennis aangaande en betrokkenheid by rekenaargesteunde funksionering, asook kritiese begrip en toepassing van metodes en tegnieke om CAD-probleme te kan oplos; en*
- *akkurate, samehangende, toepaslike en skeppende aanbieding, asook onderrig van metodes en tegnieke wat gebruik kan word om ingewikkelde CAD-probleme te kan oplos.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **EGDE421**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: Engineering Graphics and Design: Working in 3-D (2)

Titel: Ingenieursgrafika en Ontwerp: Werk in 3-D (2)

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- sound knowledge of subject terminology and codes of practice;
- integrated knowledge and engagement in computer aided drawing operation and critical understanding and application of methods and techniques implemented to solve complex CAD problems; and
- accurate, coherent, appropriate and creative presentation and teaching of methods and techniques used to solve complex CAD problems.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *grondige kennis en begrip aangaande die vakterminologie en praktykkodes;*
- *geïntegreerde kennis aan gaande en betrokkenheid by rekenaargesteunde funksionering, asook kritiese begrip en toepassing aangaande metodes en tegnieke om ingewikkelde CAD-probleme te kan oplos; en*
- *akkurate, samehangende, toepaslike en skeppende aanbieding, asook onderrig van metodes en tegnieke wat gebruik kan word om ingewikkelde CAD-probleme te kan oplos.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment:	Continuous assessment 50% and 1x3 hour written examination 50%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 50% en 1x3 uur skriftelike eksamen 50%*

Module code / *Modulekode*: **ENAC271**	Semester 1 & 2 (year module / jaarmodule)	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: English Communication: Using English as a Medium of Instruction Across the Curriculum

Titel: Engels Kommunikasie: Die Gebruik van Engels as Onderrigmedium oor die Kurrikulum Heen

On completion of this module the student should be able to demonstrate:

- detailed knowledge of English as a medium of instruction;
- ability to evaluate, select and apply appropriate methods to teach English across the curriculum within a defined context;
- ability to provide, organise, present and communicate complex and new information reliably and coherently using appropriate academic and professional discourse in English;
- ability to evaluate performance against given criteria, and accurately identify and address his or her task-specific learning needs in a given context;
- ability to establish and maintain relationships to work effectively in a team or group;
- ability to prepare content subject lessons through medium of English.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *gedetailleerde kennis van Engels as Onderrigmedium;*
- *vermoë om gepaste metodes te evalueer, selekteer en toe te pas binne 'n gedefinieerde konteks in die onderrig van Engels oor die kurrikulum heen;*
- *die vermoë om komplekse en nuwe inligting betroubaar en samehangend te voorsien, te organiseer, aan te bied en te kommunikeer deur gepaste akademiese en professionele diskoers te gebruik;*
- *vermoë om prestasie teen gegewe kriteria te evalueer en sy of haar taakspesifieke leerbehoeftes akkuraat te identifiseer en aan te spreek in 'n gegewe konteks;*
- *vermoë om verhoudings te vestig en in stand te hou ten einde effektief in 'n span of groep te werk;*
- *vermoë om vakinhoudelike lesse deur Engels as medium voor te berei.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Module code / *Modulekode*: **ENAF211**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 5

Title: English First Additional Language in FP teaching: Language Acquisition and Development and Selecting and Evaluating Children's Literature

Titel: Engels Eerste Addisionele Taal in GSF-Onderrig: Taalverwerwing en -Ontwikkeling en Seleksie en Evaluering van Kinderliteratuur

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- the ability to present and communicate information on current and historical theories and research in language acquisition as applied to EAL learners in an academically acceptable manner;
- an understanding of the theories and research that explain how L1 literacy development differs from L2 literacy development;
- the ability to evaluate the importance of EAL learners L1 and language varieties and build on these skills as a foundation for learning English;
- the ability to work in a group, gather, synthesise and evaluate information on socio-cultural, psychological, and political variables and how these variables facilitate the process of learning English;
- apply their knowledge of the role of individual learner variables in the process of learning English; and the ability to apply principles for selecting and evaluating appropriate literature for children in a multicultural society.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *huidige en historiese teorieë en navorsing in taalverwerwing te kan oordra en te kommunikeer soos toegepas op EAT-leerders op 'n akademiese vlak;*
- *begrip te toon van die teorieë en navorsing wat verduidelik hoe T1-geletterdheidontwikkeling verskil van T2-geletterdheidontwikkeling;*
- *die belangrikheid van EAT-leerders se T1 en taalvariasies te evalueer en hierdie vaardighede te gebruik as grondslag vir die aanleer van Engels;*
- *in 'n groep inligting te kan versamel, te sintetiseer en te evalueer rakende die sosiokulturele, psigologiese en politiese veranderlikes en te kan aantoon hoe hierdie veranderlikes die aanleer van Engels beïnvloed;*
- *kennis oor individuele leerderverskille te kan illustreer in die onderrig van Engels; en beginsels vir die seleksie en evaluasie van toepaslike kinderliteratuur vir leerders binne 'n multikulturele gemeenskap te kan toepas.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 100%

Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 100%

Module code / *Modulekode*: **ENAF221**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: English First Additional Language in FP teaching: Foundational Knowledge and Multicultural Children's Literature

Titel: Engels Eerste Addisionele Taal in GSF-Onderrig: Fundamentele Kennis en Multikulturele Kinderliteratuur

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- the ability to gather and verify information from scientific evidence-based research findings related to the typical developmental progression of:
  - Oral language (semantic, syntactic, pragmatic),
  - Phonological skill,
  - Printed word recognition,
  - Spelling,
  - Reading fluency,
  - Reading comprehension,
  - Written expression;
- the ability to communicate information on the language processing requirements of proficient reading and writing reliably, accurately and coherently:
  - Phonological (speech sound) processing,
  - Orthographic (print) processing,
  - Semantic (meaning) processing,
  - Syntactic (sentence level) processing,
  - Discourse (connected text level) processing;
- the ability to distinguish between and evaluate the multiple factors (e.g., environmental, cultural, social, linguistic, play, etc.) affecting learners' development and learning and utilising developmentally appropriate practices to address these factors in the classroom;
- knowledge and an informed understanding of relevant theories and empirical research underlying learners' responses to children's literature and the value of multicultural children's literature.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *die vermoë om inligting gegrond op wetenskaplike navorsing in te samel en te verifieer wat verband hou met die ontwikkeling en progressie van:*
  - *Mondelinge taal (semantiek, sintaksis, pragmatiek),*

- *Fonologiese vaardigheid,*
- *Geskrewe woordherkenning,*
- *Spelling,*
- *Leesvloeiendheid,*
- *Leesbegrip,*
- *Geskrewe uitdrukking;*

- *die vermoë om inligting rakende taalverwerkingsprosesse geloofwaardig, akkuraat en koherent oor te dra wat verband hou met effektiewe lees en skryf:*
  - *Fonologiese verwerking (spraak en klank),*
  - *Ortografiese (geskrewe) verwerking,*
  - *Semantiese (betekenis) verwerking,*
  - *Sintaktiese (sinsvlak) verwerking,*
  - *Diskoersverwerking (teksvlak);*
- *die vermoë om tussen die veelvoudige faktore (bv. omgewing, kultuur, sosiale omgang, spel, ens.) te onderskei en te evalueer hoe dit leerderontwikkeling en leer affekteer en gepaste praktyke kan toepas om hierdie faktore binne die klaskamer te hanteer; en*
- *kennis en 'n ingeligte begrip van relevante teorieë en empiriese navorsing van wat onderliggend is in die reaksies van leerders op kinderliteratuur asook die waarde van multikulturele kinderliteratuur.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 100%
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 100%

Module code / *Modulekode*: **ENAF311**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: English First Additional Language in FP teaching: Language, Culture and Picture Books
Titel: Engels Eerste Addisionele Taal in GSF-Onderrig: Taal, Kultuur en Prenteboeke

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- knowledge and an informed understanding of cultural values and beliefs in the context of teaching and learning;
- an informed understanding of and an application of knowledge about the effects of racism, stereotyping, and discrimination to teaching and learning;
- the ability to enhance communication between home and school to facilitate EAL teaching and build ethically responsible partnerships with EAL families;
- an informed understanding of and application of concepts about the interrelationship between language and culture;
- the ability to use a range of resources, including the Internet, to learn about world cultures and specifically the cultures of students in their classrooms and apply that learning to instruction by using appropriate methods, etc.;
- the ability to apply concepts of cultural competency, particularly knowledge about how an individual's cultural identity affects their learning and academic progress and how levels of cultural identity will vary widely among learners;
- their ability to work in a group to gather, evaluate and communicate information accurately, coherently and in an ethically responsible manner on artists and their illustrations of children's literature;
- an understanding of the different types of children's literature, focussing specifically on picture books, and the ability to select and implement picture books in their teaching activities.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *kennis en begrip van kulturele waardes en oortuigings in die konteks van onderrig en leer;*
- *'n ingeligte begrip van en toepassing van kennis oor die uitwerking van rassisme, stereotipering en diskriminasie op onderrig en leer;*
- *die vermoë om kommunikasie tussen tuis en skool te verbeter om EAT-onderrig te fasiliteer en eties-verantwoordelike vennootskappe met EAT-gesinne te bou;*

  'n ingeligte begrip van en toepassing van konsepte oor die onderlinge verband tussen taal en kultuur;
- *die vermoë om 'n verskeidenheid bronne, insluitend die Internet, te gebruik om oor wêreldkulture en spesifiek die kulture van studente in hul klaskamers te leer en toepaslike leer toe te pas deur toepaslike metodes te gebruik;*
- *die vermoë om konsepte van kulturele bevoegdheid toe te pas, veral kennis van hoe 'n individu se kulturele identiteit hul leer en akademiese vordering beïnvloed en hoe vlakke van kulturele identiteit wyd onder leerders sal wissel;*
- *hul vermoë om in 'n groep te werk om inligting akkuraat, samehangend en op eties-verantwoordelike wyse te versamel, te evalueer en te kommunikeer oor kunstenaars en hul illustrasies van kinderliteratuur; en*
- *'n begrip van die verskillende soorte kinderliteratuur, spesifiek gefokus op prentboeke, en die vermoë om prentboeke in hul onderrigaktiwiteite te selekteer en te implementeer.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment: Continuous assessment 100%
Assesseringsmetodes: Deurlopende assessering 100%

Module code / *Modulekode*: **ENAF321**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 6

Title: English First Additional Language in FP teaching: Language as a System and Traditional Literature, Poetry, Historical Fiction, and Biographies
Titel: Engels Eerste Addisionele Taal in GSF-Onderrig: Taal as 'n Sisteem en Tradisionele Literatuur, Poësie, Historiese Fiksie en Biografieë

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- detailed knowledge and understanding of the components of language and language as an integrative system;
- the ability to select information on phonology, morphology, syntax, semantics and pragmatics in order to analyse, synthesise and evaluate the information so as to help English Additional Language (EAL) learners develop oral, reading and writing skills in English;
- detailed knowledge of rhetorical and discourse structures so as to apply it to EAL learning; and
- integrated knowledge of different types of children's literature, namely traditional, poetry, historical fiction and biographies.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *gegronde kennis en begrip van die komponente van taal en taal as 'n geïntegreerde sisteem;*
- *die vermoë om inligting oor fonologie en fonetiek, morfologie, sintaksis, semantiek en pragmatiek te selekteer en te analiseer, sintetiseer en evalueer om Engels Addisionele Taal (EAT) leerders te ondersteun in die ontwikkeling van mondelinge, lees- en skryfvaardigheid in Engels ;*
- *diepgaande kennis van retoriese en diskoersstrukture om in EAT-leer toe te pas; en*
- *geïntegreerde kennis van verskillende kinderliteratuur-genres soos tradisionele literatuur, poësie, historiese fiksie en biografieë.*

Method of delivery: Contact, Distance
Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment:	Continuous assessment 100%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 100%*

Module code / *Modulekode*: **ENAF411**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: English First Additional Language in FP teaching: Planning, Implementing and Managing Instruction as well as Fantasy, Science Fiction and Contemporary Realistic Fiction

Titel: Engels Eerste Addisionele Taal in GSF-Onderrig: Beplanning, Implementering en Bestuur van Onderrig asook Fantasie, Wetenskapfiksie en Kontemporêre Realistiese Fiksie

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- integrated knowledge of the instructional needs of diverse EAL learners;
- an understanding of a range of methods, activities and tasks and an assessment of their suitability for EAL learners' teaching and learning;
- the ability to select and adapt culturally responsive and linguistically accessible materials related to listening, speaking, reading and writing skills;
- the ability to gather, analyse, synthesise and evaluate information on technological resources that can enhance language teaching and learning for EAL learners; and
- integrated knowledge and understanding of children's literature, specifically fantasy, science fiction and contemporary realistic fiction.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *integreer kennis oor die onderrigbehoeftes van diverse EAT-leerders;*
- *begrip van 'n wye verskeidenheid metodes, aktiwiteite en opdragte met gepaste assessering vir EAT-leerders se onderrig en leer;*
- *die vermoë om kultureel-responsiewe en linguisties-toeganklike onderrigmateriaal wat verband hou met luister, praat, lees en skryf te kies en aan te pas;*
- *die vermoë om inligting oor tegnologiese bronne wat die taalonderrig en -leer van EAT kan bevorder in te samel, te analiseer, te sintetiseer en te evalueer; en*
- *integreer kennis en begrip van kinderliteratuur, spesifiek ten opsigte van fantasie, wetenskapsfiksie en kontemporêr-realistiese fiksie.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment:	Continuous assessment 100%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 100%*

Module code / *Modulekode*: **ENAF421**	Semester 2	NQF-level / *NKR-vlak*: 7

Title: English First Additional Language in FP teaching: Assessment and Critical Issues in Children's Literature

Titel: Engels Eerste Addisionele Taal in GSF-Onderrig: Assessering en Kritiese Onderwerpe in Kinderliteratuur

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- knowledge of and engagement in research related to the fundamentals of EAL assessment;
- an ability to integrate multiple sources of knowledge related to EAL assessment methods, techniques, tools and practices;
- the ability to gather, synthesise and evaluate language assessment data in order to ethically and responsibly inform the teaching decision-making process;
- an ability to present and communicate EAL assessment results ethically and in an academically accurate way to a range of audiences offering creative insights and rigorous interpretations of the language components being assessed;
- the ability to theoretically engage with children's literature through linking the various types to a critical approach; and
- the ability to ethically reflect on controversial issues in children's literature and how to deal with these issues in teaching practice.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *kennis en betrokkenheid in navorsing wat verband hou met die grondbeginsels van EAT-assessering;*
- *die vermoë om veelvuldige bronne van kennis rakende EAT-assesseringsmetodes, tegnieke, hulpmiddels en praktyke te integreer;*
- *die vermoë om taalassesseringsdata in te samel, te sintetiseer en te evalueer sodat die onderrigbesluitneming op 'n etiesverantwoordbare wyse kan plaasvind;*
- *die vermoë om EAT-assesseringsresultate op 'n eties en akademies-akkurate wyse te kan aanbied en kommunikeer aan 'n wye verskeidenheid gehore met kreatiewe insigte en streng interpretasies van die taalkomponente;*
- *die vermoë om op 'n teoretiese wyse met kinderliteratuur om te gaan deur die verskillende tipes te koppel aan 'n kritiese benadering; en*
- *die vermoë om eties te reflekteer op kontroversiële onderwerpe in kinderliteratuur en hierdie onderwerpe te kan hanteer in die onderrigpraktyk.*

Method of delivery: Contact, Distance

Metode van aflewering: Kontak, Afstand

Methods of assessment:	Continuous assessment 100%
Assesseringsmetodes:	*Deurlopende assessering 100%*

Module code / *Modulekode*: **ENFF111**	Semester 1	NQF-level / *NKR-vlak*: 5

Title: English Home Language FP: Foundational Knowledge and Multicultural Children's Literature

Titel: Engels Huistaal GSF: Fundamentele Kennis en Multikulturele Kinderliteratuur

On completion of this module the student should be able to demonstrate*:*

- knowledge and an informed understanding of major theories, models and empirical research that describe the cognitive, linguistic, motivation, and socio-cultural foundations of reading and writing processes, components and development;
- the ability to work in a group to complete a project in an ethically responsible manner reflecting their understanding and interpretation of the historically shared knowledge of the profession and changes over time in the perceptions of reading and writing processes, components and development;
- the ability to gather and verify information from scientific evidence-based research findings related to the typical developmental progression of:
  - Oral language (semantic, syntactic, pragmatic),
  - Phonological skill,
  - Printed word recognition,
  - Spelling,
  - Reading fluency,
  - Reading comprehension,
  - Written expression;
- the ability to communicate information on the language processing requirements of proficient reading and writing reliably, accurately and coherently:
  - Phonological (speech sound) processing,

- Orthographic (print) processing,
- Semantic (meaning) processing,
- Syntactic (sentence level) processing,
- Discourse (connected text level) processing;

- the ability to distinguish between and evaluate the multiple factors (e.g., environmental, cultural, social, linguistic, play, etc.) affecting learners' development and learning and utilising developmentally appropriate practices to address these factors in the classroom;
- the ability to manage all learners in a classroom while working with whole class/groups/individual learners as well as selecting and implementing methods and activities relevant to learners who are performing at multiple instructional levels; and
- knowledge and an informed understanding of relevant theories and empirical research underlying learners' responses to children's literature and the value of multicultural children's literature.

By voltooiing van hierdie module behoort die student die volgende te kan demonstreer:

- *kennis en begrip van die belangrikste teorieë, modelle en empiriese navorsing wat die kognitiewe, linguistiese, motiverings- en sosiokulturele grondbeginsels van lees- en skryfprosesse, -komponente en -ontwikkeling beskryf;*
- *die vermoë om in 'n groep te werk ten einde 'n projek te voltooi op eties verantwoordelike wyse wat hul begrip en interpretasie van die histories gedeelde kennis van die beroep én veranderinge in die persepsies van lees- en skryfprosesse, -komponente en -ontwikkeling, met verloop van tyd, toon;*
